- C. Swamdoderspuitprogramme moet tot die aanbevole einde van vrugsbeskerming deurgevoer word, ongeag die aanvanklike spuitdatum. Tydsduur van vrugsbeskerming en die aanbevole periode van vrugsbeskerming is as volg:
- a. Nawels:
 - i.) Alle areas: beskerming tot einde Januarie.
 - b. Valencias:
 - i.) Limpopo-vallei (area van lae SSV-voorkoms): tot einde Januarie
 - ii) All ander areas: Beskerming tot einde Februarie.
 - c. Suurlemoene:
 - i) Limpopo-vallei (area van lae SSV-voorkoms): tot einde Januarie.
 - ii) Noordelike streke: tot einde Februarie
 - iii) Suidelike streke (Oos-Kaap-provinsie): tot einde Maart.
 - d. Sagtesitrus :
 1. Vroeë mandaryne (Satsumas + Clementines): beskerming tot middel Januarie.
 2. Novas en mid-seisoen mandaryne: beskerming tot einde Januarie vir SSV; langer beskerming word vir Alternaria bruinvlek benodig
 3. Laat mandaryne: beskerming tot einde Februarie.
 - e. Pomelos: beskerming tot einde Januarie.
 - D. **Alle swamdoders wat gebruik word moet vir SSV-beheer onder Wet 36 van 1947 geregistreer wees en moet binne die aanbevelings soos dit op die etiket beskryf word, gebruik word. BELANGRIK OM OP TE LET: Nie alle swamdoderprodukte hierin gelys, is noodwendig deur CRI vir doeltreffendheid teen SSV getoets nie. Raadpleeg produk-etiket DEEGLIK aangesien registrasiehouers van sekere produkte nie waarborg dat hul produk onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, insluitend hoë SSV-druktoestande**
 - E. Die enigste swamdoders met kuratiewe beheeraksie is:
 - a. Bensimidazole (benomil of karbendasim, verskeie maatskappye) toegedien teen die hoër dosis (50 g/100 L vir benomil en 55 mL / 100 L vir karbendasim) teen voldekbepuiting;

JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CRI TE BEFONDS



- kuratiewe eienskappe (tyd) is nie op die etiket gespesifiseer nie, maar die tyd van toediening soos per registrasie, tesame met navorsing en ontwikkelingsproewe, dui op 'n kuratiewe aksie van 4 weke.
- b. Strobiluriene: Asoksistrobien, trifloksistrobien en piraklostrobien het 'n beperkte kuratiewe werking, in sommige gevalle tot 3 dae. Raadpleeg spesifieke produk se etiket vir besonderhede oor kuratiewe aksie. **SLEGS sekere piraklostrobiene is vir drie aanwendings per seisoen geregistreer. Tans is dit slegs daardie handelsname wat as sulks geregistreer is, wat in 'n 3-aanwendingsstrategie per seisoen in 'n boord gebruik kan word.**
- F. SSV-beheer in organiese sitrus: volg 'n spuitprogram met koperswamdoders tydens die vrugbeskermingsperiode en sluit **ook inokulumbestuur** in.
- G. **As 'n basiese beginsel, gaan voort om die aanbevole spuitprogramme te volg wat gedurende die vorige seisoene goeie resultate opgelewer het, en maak verbeteringe (strenger beheermaatreëls, insluitende inokulumbestuurstrategieë, of verwydering van verwaarloosde bome/boorde) waar moontlik of waar vereis word.**
- H. **Inokulumbestuurstrategieë sluit in: verwydering van blaar-afval, versnippering van snoei-afval in boorde, en die gebruik van geregistreerde biologiese beheerprodukte as gronddeurdrenkmiddels, volgens etiket. Blaarverwydering (van Augustus tot begin Oktober) het in navorsingsproewe getoon dat dit net so doeltreffend soos die swamdoderspuitprogram is om SSV-voorkoms te verminder. Verwydering van gevalle blare en snoei-afval, vóór blom, sal die SSV-inokulumlading aansienlik verminder en die doeltreffendheid van die chemiese beheerprogram verbeter.**
- I. Swamdoderklasse geregistreer (nie almal deur CRI getoets nie) vir gebruik in SSV-spuitprogramme met spesifieke notas:
- a. Dithiokarbamate
 - i. Mankoseb – **Let op daar is MRL-beperkings vir sekere markte. Raadpleeg die “Recommended Usage Restrictions” vir beperkings vir verskillende markte.**
 1. Spuit-intervalle wanneer alleen gebruik word, is **NIE 28 dae nie, maar 25 dae.**
 2. Wanneer dit deel uitmaak van 'n spuitprogram waarvan strobiluriene ook deel is, en **as mankoseb die eerste toediening was, moet die eerste strobilurien-tenkmengsel binne 21-24 dae daarna toegedien word.**
 - ii. Maneb/Sinkoksied – **Let op daar is MRL-beperkings vir sekere markte.**
 - b. Koper-gebaseerde produkte (koper-oksichloried, koper-oksied of koper-hidroksied)
 1. Koperbespuitings wat twee keer binne twee opeenvolgende maande gebruik word, kan tot vrugstippeling aanleiding gee. Vrugtevlieg proteïenlokaas en koper kan ook tot stippeling aanleiding gee.
 2. Stippeling kan verminder word deur koperkonsentrasies in tenkmengsels met Didecyl Dimethiel Ammonium Chloried (DDAC) te halveer. **(Let op etiket-aanbevelings en MRL-beperkings vir sekere markte)**
 - c. Bensimidazole (benomil, karbendasim)
 - i. Kuratiewe aksie teen hoër dosisse (50 g / 100 L vir benomil en 55 mL / 100 L vir karbendasim) en teen voldebespuitings.
 - ii. Hoë risiko vir weerstands-ontwikkeling: gebruik in kombinasie met 'n chemies nie-verwante swamdoder soos geregistreer. Probeer om meer as een bespuiting per seisoen te vermy.
 - iii. **Weerstand moet gereeld gemonitor word.**
 - iv. **Let op daar is MRL-beperkings vir sekere markte. Raadpleeg die “Recommended Usage Restrictions” vir beperkings vir verskillende markte.**
 - v. Vir suurlemoene let ook daar is MRL-beperkings op vrugte vir prosessering.
 - vi. **Snykant 367 bepaal dat daar waarskynlik in September 2023 vir**



bensimidazole en ditiokarbamate oor nuwe hersiene MRL'e vir die EU gestem sal word. Hierdie nuwe MRL's sal na verwagting vanaf middel 2024 in werking tree. Dit is dus belangrik om ingeligte besluite te neem oor produkte wat op sitrusvrugte toegedien moet word wat ná middel 2024 in die Europese mark sal wees. Dit is waarskynlik dat enige sitrus wat ná middel 2024 in die EU bemark word, vry van bensimidazole-residue moet wees, aangesien bensimidazole MRL'e moontlik op opsporingsvlak (LOD) gestel kan word. Meer duidelikheid oor toelaatbare ditiokarbamate-residue sal waarskynlik ná September 2023 verkry word, en die vooruitsig dat dit op LOD gestel word, moet nie uitgesluit word nie.

- d. Strobilurine
 - i. Beperkte kuratiewe aksie, in sommige gevalle tot 3 dae. Raadpleeg spesifieke produk se etiket vir besonderhede.
 - ii. Onlangse navorsing toon dat die risiko vir fungisied weerstands-ontwikkeling laag is; gebruik nogtans in 'n mengsel met 'n chemies nie-verwante swamdoder (bensimidazole, koper, dikaliumfosfaat of mankoseb soos geregistreer).
 - iii. **Wanneer aangewend word as deel van 'n Alternaria Bruinvlek (ABV) spuitprogram, moet nie meer as 2 opeenvolgende toedienings toegelaat word nie en nie meer as 2 toedienings per boord in totaal gedurende die seisoen nie.** Dit is om die kans vir die ontwikkeling van weerstand deur die Alternaria Bruinvlek (ABV) patoëen te verminder. Slegs sekere strobilurine is vir ABV- en SSV-beheer geregistreer. Raadpleeg die spesifieke produk se etiket.
- e. Dikaliumfosfaat
 - i. In 'n tenkmengsel met strobilurine (piraklostrobien of asoksistrobien), moet die eerste strobilurien + dikaliumfosfaat tenkmengsel, 21 dae ná die eerste toediening van dikaliumfosfaat, toegedien word. Wanneer dikaliumfosfaat toegedien

word as die laaste bespuiting in program 5, sal dit tot 28 dae beskerming gee. **Raadpleeg die etiket vir spesifieke strobilurine wat met hierdie produk in 'n tenkmengsel verenigbaar is.**

- f. Kaliumbikarbonaat
 - i. Dien alleen toe in 25-dae-intervalle. Geen kuratiewe aksie nie.
- J. Beskermingsperiodes: kuratiewe en beskermende aksies van verskillende chemiese groepe word hier onder opgesom. Hierdie beskermingsperiodes is die optimale beskermingsperiodes. Fungisidiese aksie stop nie onmiddellik ná hierdie periodes nie, maar die kuratiewe en beskermingsaksies sal met tyd afneem.

Dithiokarbamate (Mankoseb): 25 dae beskerming. Geen kuratiewe aksie.

(Maneb/Sinkoksied) 28 dae beskerming. Geen kuratiewe aksie.

Koper: 25-35 dae beskerming, afhangend van produk. Raadpleeg produk-etiket. Geen kuratiewe aksie.

Strobilurine: 6 weke beskerming. Beperkte kuratiewe aksie, in sommige gevalle tot 3 dae. Raadpleeg produk se etiket.

Bensimidazole: 6 weke beskerming. Vier weke kuratiewe werking teen hoër dosis en deeglike voldekbepuitings (Sien punt E.a.).

Dikaliumfosfaat: 21-28 dae beskerming. Geen kuratiewe aksie.

Kalium bikarbonaat: 25 dae beskerming. Geen kuratiewe aksie nie.
- K. Vir sistemiese produkte (bensimidazole of strobilurine), gebruik SLEGS benatters in tenkmengsels soos spesifiek op die SISTEMIESE produk se etiket aanbeveel word. **In meeste gevalle, word SLEGS olie aanbeveel op die etikette van hierdie produkte en moet dus daarom gebruik word.**
- L. Hou ten alle tye akkurate spuitrekords van produkte wat gespuit is en hulle etikette om te bewys dat vrugte vir die volle vrugbeskermingsperiode teen infeksies beskerm was.
- M. Die onderstaande programme is met sitrusprodusente wat die vorige CRI-produksiewerkswinkels bygewoon het, bespreek. Daar kan afwykings van hierdie programme wees, bv. as 'n produsent wat op Opsie 1 besluit het, moeilikheid met bespuitings weens reën ondervind, sal dit vir hom moontlik wees om dit met 'n



swamdoder wat 'n kuratiewe aksie het, op te volg, en nog steeds 'n aanvaarbare spuitprogram kan volg, inaggenome die beskermende en kuratiewe aksie van die verskillende produkte soos onder punt 1 genoem. **Sou dit baie reën, binne 'n paar ure ná die bespuiting (voordat die**

swamdoderprodukt op die boom kon droogword), kontak asseblief die swamdoderregistrasiehouer om te bepaal of 'n herbespuiting van die spesifieke swamdoder nodig is

Voorbeelde van tipiese spuitprogramme vir verskillende streke; afwykings van hierdie voorbeelde kan voldoende (of verbeterde) beheer tot gevolg hê solank dit in ooreenstemming is met die minimum aanbevelings soos hierbo uiteengesit, en op die verskillende produkte se etikette. Verlenging van spuitbeskerming tot ná die einde van vrugvatbaarheidsperiode, is opsioneel.

1. Letsitele, Hoedspruit, Burgersfort, Groblersdal, Nelspruit, eSwatini & KZN
 - a) Nawels, Mid-seisoene, Valencias, suurlemoene en mandaryne

Riglyne vir spuitoedienings					
	Begin van spuitprogram	25 dae later	25 dae later	25 dae later	25 dae later
1*	Mankoseb (MZ)**	Mankoseb	Mankoseb	Mankoseb	Mankoseb
	Begin van spuitprogram	21-24 dae later	6 weke later	6 weke later	6 weke later
2	Mankoseb	Benz/Strob+MZ+ olie	Benz/Strob+MZ+olie	Mankoseb	Mankoseb
	Begin van spuitprogram	6 weke later	6 weke later	6 weke later	6 weke later
3	Benz+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Mankoseb	Mankoseb
4*	Strob+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Mankoseb	Mankoseb
	Begin van spuitprogram	3 weke later	6 weke later	6 weke later	6 weke later
5	Dikaliumfosfaat (DF)	DF+Strob+olie	DF+Strob+olie	DF	DF
	Begin van spuitprogram	25 dae later	25 dae later	25 dae later	25 dae later
6	Kaliumbikarbonaat	Kaliumbikarbonaat	Kaliumbikarbonaat	Kaliumbikarbonaat	Kaliumbikarbonaat

* Program 1 kan ook met koper afgewissel word

** Kan ook in 'n tenkmeisels teen helfte van die dosis met DDAC toegedien word, maar nie later as einde Desember nie. (DDAC het 'n 160 dae weerhouingsperiode; gebruik minder as 8L/ha DDAC)

*** Die Mankoseb in hierdie program kan met koper vervang word en hierdie program word slegs vir 'n spesifieke piraklostrobin toegelaat

Europese Unie: Nuwe MRL'e vir bensimidazole en ditiokarbamate (insluitend Mankoseb) sal waarskynlik vanaf middel 2024 in werking tree. Neem ingeligte besluite om die keuse van produkte om op sitrusvrugte te gebruik wat ná middel 2024 in die EU-mark sal wees. Bensimidazole-MRL'e sal waarskynlik op opsporingsvlak vasgestel word, en dit is dus waarskynlik dat enige sitrus wat ná middel 2024 in die EU bemark word, vry van bensimidazole-residue sal wees. Meer duidelikheid oor toelaatbare ditiokarbamate (insluitend Mankoseb) residue sal waarskynlik ná September 2023 verkry word, en die vooruitsig dat dit op LOD gestel word, moet nie uitgesluit word nie.



b) Pomelo-spesifieke voorbeelde vir Letsitele, Hoedspruit, Onderberg, eSwatini & KZN

	Begin van spuitprogram	25 dae later	25 dae later	25 dae later	25 dae later
7*	Mankoseb**	Mankoseb	Mankoseb	Mankoseb	Mankoseb
	Begin van spuitprogram	21-24 dae later	4-6 weke later	4-6 weke later	
8***	Mankoseb	Strob+MZ+olie	Strob+MZ +olie	Mankoseb	

*Program 7 kan ook met koper afgewissel word.

**Kan ook in 'n tenkmesel teen helfte van die dosis met DDAC toegedien word, maar nie later as einde Desember nie. (DDAC het 'n 160 dae weerhoudingsperiode; gebruik teen minder as 8L/ha DDAC)

***Mankoseb kan in hierdie program ook met Dikaliumpfosfaat vervang word (sien program 5).

	Begin van spuitprogram	4 weke later	6 weke later	6 weke later
9*	Koper	Strob+Koper+olie	Strob+Koper+olie	Koper
10	Mankoseb	Strob+Koper+olie	Strob+Koper+olie	Koper
11	Mankoseb	Benz+MZ+Olie	Benz+Koper+Olie	Koper
12	Mankoseb	Benz+Koper+Olie	Benz+Koper+Olie	Koper
	Middel Oktober	5 weke later	5 weke later	5 weke later
13	Koper*	Koper	Koper	Koper
	Begin van spuitprogram	25 dae later	25 dae later	25 dae later
14	Kaliumbikarbonaat	Kaliumbikarbonaat	Kaliumbikarbonaat	Kaliumbikarbonaat

*Koper kan met dikaliumpfosfaat vervang word. Sien program 5.

SLEGS sekere koperformulasies is geregistreer om saam met strobiluriene in 'n tenkmengsel gespuit te word. Dit is dus belangrik om die etiket van die produk wat saam met 'n sekere koperformulasie gespuit word, te raadpleeg.

Kanada en VSA (Let op: Vir Kanada - geen mankoseb ná einde Desember nie. Vir VSA - geen mankoseb of bensimidazole ná 90% blomblaarval nie)

Suid-Korea (Let op: geen mankoseb/maneb kan aangewend word ná einde Desember nie en geen bensimidazole ná 90% blomblaarval nie).

Ander markte: Beperkings op mankoseb is ook van toepassing op ander markte. Dit word egter nie hierbo genoem nie. Raadpleeg die "Recommended Usage Restrictions for Plant Protection Products" dokument.

Europese Unie: Nuwe MRL'e vir bensimidazole en ditiokarbamate (insluitend mankoseb) sal waarskynlik vanaf middel 2024 in werking tree. Neem ingeligte besluite oor die keuse van produkte om op sitrusvrugte te gebruik wat ná middel 2024 in die EU-mark sal wees. Bensimidazole-MRL'e sal waarskynlik op opsporingsvlak vasgestel word, en dit is dus waarskynlik dat enige sitrus wat ná middel 2024 in die EU bemark word, vry van bensimidazole-residue sal wees. Meer duidelikheid oor toelaatbare ditiokarbamate (insluitend mankoseb) residue sal waarskynlik ná September 2023 verkry word, en die vooruitsig dat dit op LOD gestel word, moet nie uitgesluit word nie.

2. Limpoporivier-vallei, Tshipise/ Weipe (Area van lae SSV-voorkoms)

Alle kultivars (Let op: Vir Kanada - geen mankoseb later as einde Desember nie; vir VSA geen mankoseb en bensimidazole later as 90% blomblaarval nie)

JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CRI TE BEFONDS



Suid-Korea (Let op: Geen mankoseb/maneb kan aangewend word ná einde Desember nie en geen bensimidazole ná 90% blomblaarval nie).

Ander markte: Bepoerings op mankoseb is ook van toepassing op ander markte. Dit word egter nie hierbo genoem nie. Raadpleeg die “Recommended Usage Restrictions for Plant Protection products” dokument.

	80 – 100% blomblaar val	Na eerste voldoende reënval	6 weke later
15		Benz+MZ+olie	Benz+MZ+olie
16		Benz+MZ+olie	Koper
17		Strob+Koper+Olie	Koper
18	Mankoseb	Strob+Koper+Olie	Koper
19	Koper	Strob+Koper+Olie	Koper
Middel Des			
20		Benz+MZ+olie	

Europese Unie: Nuwe MRL'e vir bensimidazole en ditiokarbamate (insluitend mankoseb) sal waarskynlik vanaf middel 2024 in werking tree. Neem ingeligte besluite oor die keuse van produkte om op sitrusvrugte te gebruik wat ná middel 2024 in die EU-mark sal wees. Bensimidazole-MRL'e sal waarskynlik op opsporingsvlak vasgestel word, en dit is dus waarskynlik dat enige sitrus wat ná middel 2024 in die EU bemark word, vry van bensimidazole-residue sal wees. Meer duidelikheid oor toelaatbare ditiokarbamate (insluitend mankoseb) residue sal waarskynlik ná September 2023 verkry word, en die vooruitsig dat dit op LOD gestel word, moet nie uitgesluit word nie.

3. Oos-Kaap-provinsie

a) Clementines, Satsumas, Novas, vroeë- en mid-seisoen mandaryne

Clementines, Satsumas en vroeë mandaryne				
	Begin van spuitprogram (Middel Oktober)	21-24 dae later	6 weke later	
21	Mankoseb	Strob+MZ+olie	Koper	
	Begin van spuitprogram (Middel Oktober)	6 weke later	6 weke later	
22***	Bens/Strob+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Mankoseb	
Novas en mid-seisoen mandaryne				
	Begin van spuitprogram (Middel Oktober)	21-24 dae later	6 weke later	6 weke later
23****	Mankoseb	Strob+MZ+olie	Strob****+MZ+olie	Mankoseb
	Begin van spuitprogram (Middel Oktober)	6 weke later	6 weke later	
24***	Strob+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Mankoseb	

* Die mankoseb aan die begin van program 21 kan met dikaliumfosfaat of koper vervang word

** Die koper teen die einde van die program kan met dikaliumfosfaat vervang word

*** Die mankoseb aan die einde van programme 22 en 24 kan met dikaliumfosfaat of koper vervang word.

**** In hierdie program kan mankoseb ook met dikaliumfosfaat of koper vervang word

***** Maak seker dat die VOI van strobilurine binne die MRL-limiete teen oes is. Satsumas en Clementines is swak gashere van SSV

Kanada & VSA (Let op: Vir Kanada geen mankoseb later as einde Desember nie; vir VSA geen mankoseb of bensimidazole later as 90% blomblaarval)

Suid-Korea: (Let op: geen mankoseb/maneb moet later as einde van Desember toegedien word nie en geen bensimidazole later as 90% blomblaarval nie)



Ander markte: Beperkings op mankoseb is ook van toepassing op ander markte. Dit word egter nie hierbo genoem nie. Raadpleeg die “Recommended Usage Restrictions for Plant Protection products” dokument.

Europese Unie: Nuwe MRL'e vir bensimidazole en ditiokarbamate (insluitend mankoseb) sal waarskynlik vanaf middel 2024 in werking tree. Neem ingeligte besluite oor die keuse van produkte om op sitrusvrugte te gebruik wat ná middel 2024 in die EU-mark sal wees. Bensimidazole-MRL'e sal waarskynlik op opsporingsvlak vasgestel word, en dit is dus waarskynlik dat enige sitrus wat ná middel 2024 in die EU bemark word, vry van bensimidazole-residue sal wees. Meer duidelikheid oor toelaatbare ditiokarbamate (insluitend mankoseb) residue sal waarskynlik ná September 2023 verkry word, en die vooruitsig dat dit op LOD gestel word, moet nie uitgesluit word nie.

b) Nawels en pomelo's

	Begin van spuitprogram (Middel Oktober)	21-24 dae later	6 weke later	6 weke later
25*	Mankoseb	Strob+MZ+olie	Strob**+MZ***+olie	Mankoseb
	Begin van spuitprogram (Middel Oktober)	6 weke later	6 weke later	
26*	Strob/Bens+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Mankoseb	

* Die mankoseb aan die begin en einde van hierdie program kan met dikaliumfosfaat of koper vervang word

**Maak seker dat VOI van strobilurienes binne die MRL-limiete is teen oes.

***Let op: Vir Kanada en Suid-Korea moet mankoseb met koper ná Desember vervang word. Vir die VSA moet mankoseb met koper, en bensimidazole met strobilurine ná 90% blomblaarval vervang word. Vir Suid-Korea vervang bensimidazole met strobilurine ná 90% blomblaarval.

Ander markte: Beperkings op mankoseb is ook van toepassing op ander markte. Dit word egter nie hierbo genoem nie. Raadpleeg die “Recommended Usage Restrictions for Plant Protection products” dokument.

Europese Unie: Nuwe MRL'e vir bensimidazole en ditiokarbamate (insluitend mankoseb) sal waarskynlik vanaf middel 2024 in werking tree. Neem ingeligte besluite oor die keuse van produkte om op sitrusvrugte te gebruik wat ná middel 2024 in die EU-mark sal wees. Bensimidazole-MRL'e sal waarskynlik op opsporingsvlak vasgestel word, en dit is dus waarskynlik dat enige sitrus wat ná middel 2024 in die EU bemark word, vry van bensimidazole-residue sal wees. Meer duidelikheid oor toelaatbare ditiokarbamate (insluitend mankoseb) residue sal waarskynlik ná September 2023 verkry word, en die vooruitsig dat dit op LOD gestel word, moet nie uitgesluit word nie.

c) Láát Mandaryne (vir SSV) en Valencias

	Begin van spuitprogram (Middel Oktober)	21-24 dae later	6 weke later	6 weke later
27*	Mankoseb	Strob+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Koper
	Begin van spuitprogram (Middel Oktober)	6 weke later	6 weke later	
28**	Strob/Bens+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Mankoseb

* Die mankoseb aan die begin van die program kan met dikaliumfosfaat of koper vervang word

** Die mankoseb aan die einde van hierdie program kan met koper of dikaliumfosfaat vervang word.

Tans word die 3 strobilurien-program slegs vir 'n spesifieke piraklostrobien handelsnaam toegelaat. Let op: Vir Kanada en Suid-Korea moet mankoseb met koper ná Desember vervang word. Vir die VSA moet mankoseb met koper ná 90% blomblaarval vervang word.

Ander markte: Beperkings op mankoseb is ook van toepassing op ander markte. Dit word egter nie hierbo genoem nie. Raadpleeg die “Recommended Usage Restrictions for Plant Protection products” dokument.

Europese Unie: Nuwe MRL'e vir bensimidazole en ditiokarbamate (insluitend mankoseb) sal waarskynlik vanaf middel 2024 in werking tree. Neem ingeligte besluite oor die keuse van produkte om



op sitrusvrugte te gebruik wat ná middel 2024 in die EU-mark sal wees. Bensimidasoel-MRL'e sal waarskynlik op opsporingsvlak vasgestel word, en dit is dus waarskynlik dat enige sitrus wat ná middel 2024 in die EU bemark word, vry van bensimidasoelresidue sal wees. Meer duidelikheid oor toelaatbare ditiokarbamaat (insluitend mankoseb) residue sal waarskynlik ná September 2023 verkry word, en die vooruitsig dat dit op LOD gestel word, moet nie uitgesluit word nie.

d) Suurlemoene

	Begin van spuitprogram (Begin Oktober)	21-24 dae later	6 weke later	6 weke later	6 weke later
29*	Mankoseb	Bens/Strob+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Strob+MZ+olie	Koper

* Die mankoseb aan die begin van die program kan met dikaliumfosfaat of koper vervang word. Let op: Vir Kanada en Suid-Korea moet mankoseb met koper ná Desember vervang word. Vir die VSA moet mankoseb met koper, en bensimidasoel met strobiluriene ná 90% blomblaarval vervang word. Vir Suid-Korea vervang bensimidasoel met strobiluriene ná 90% blomblaarval. Ander markte: Beperkings op mankoseb is ook van toepassing op ander markte. Dit word egter nie hierbo genoem nie. Raadpleeg die "Recommended Usage Restrictions for Plant Protection products" dokument.

Europese Unie: Nuwe MRL'e vir bensimidasoel en ditiokarbamate (insluitend mankoseb) sal waarskynlik vanaf middel 2024 in werking tree. Neem ingeligte besluite om die keuse van produkte om op sitrusvrugte te gebruik wat ná middel 2024 in die EU-mark sal wees. Bensimidasoel-MRL'e sal waarskynlik op opsporingsvlak vasgestel word, en dit is dus waarskynlik dat enige sitrus wat ná middel 2024 in die EU bemark word, vry van bensimidasoelresidue sal wees. Meer duidelikheid oor toelaatbare ditiokarbamaat (insluitend mankoseb) residue sal waarskynlik ná September 2023 verkry word, en die vooruitsig dat dit op LOD gestel word, moet nie uitgesluit word nie.

e) Suurlemoene (Vrugte vir prosessering)*

	Begin van spuitprogram (Begin Oktober)	5 weke	6 weke later	6 weke later	5 weke later
30	Koper	Strob+Koper+olie	Strob+Koper+Olie	Koper	Koper*
		5 weke	5 weke	5 weke	5 weke
31	Koper	Koper	Koper	Koper	Koper

* Let op: Vrugte vir sapprocessering - slegs strobiluriene en koper of dikaliumfosfaat produkte word toegelaat. Vrugte wat vir sitrus skil-olies geprosesseer word - slegs koperprodukte word toegelaat.